# WEEK 10 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

## 1. ALGEMEEN:

**GEMEENTES, IS JULLE MOEDELOOS MET VOëLS EN VLERMUISE IN EN OM JUL KERKGEBOUE?** Voëls, vernaam duiwe, asook vlêrmuise kan 'n groot gemors in en rondom kerkgeboue veroorsaak. Behalwe vir die luise wat hulle dra, bevat hul mis baie sure wat tot groot skade kan lei. ***Eagle Eye Bird Control***, kan hierdie probleem oplos, hulle bied 'n eko-vriendelike oplossing aan om weer die voëls te hervestig. Daarmee saam, kan hulle ook die bemorste area, of kerkgebou skoonmaak en was. Vir meer inligting kontak vir Chris Pelser op 079 044 1933, of stuur 'n e-pos na **pelserjc@eagleeye.co.za**, of besoek ook hul webblad by **www.eagleeye.co.za**

**KARTONHOUERS TE KOOP:** Die leë houers wat gebruik was om argivalia in te berg voordat die Argief gebou is, word te koop aangebied teen R10 elk, dit kan by die Sinodale Kantoor afgehaal word. Dit is regtig baie stewige kartonhouers met deksels en is effens groter as 'n appelboks. Belangstellendes kan vir Lisma Liebenberg kontak by 051 406 6700 (k), of 'n e-pos stuur aan **daf@ngkvs.co.za**

## 2. GEBEURE BY GEMEENTES:

**NG RIETFONTEIN VIER FEES!:** Rietfontein dink vanjaar terug aan 'n honderd jaar van Christus in aksie in en deur die gemeente. Alhoewel die geboorte van hierdie tweede gemeente in Winburg uiters pynlik was, het die Here in sy onbegryplike genade, hulle reeds vir 'n eeu lank gedra en gebruik, dáár waar hulle sy kerk probeer wees. Die **gemeente se verjaarsdagdatum is 31 Mei** en die **partytjie vind op Saterdag 3 Junie 2017** plaas, wanneer hulle die **oggend met 'n Dankfees** vier met allerlei heerlike eet- en drinkgoed, onder andere hulle beroemde pannekoek en sosaties. Die **Saterdagaand** word daar 'n **konsert in die kerksaal** aangebied. **Pinkstersondag 4 Junie, is dit 'n feesdiens** met nagmaal, koorsang en trompetgeskal. Alle belangstellendes word uitgenooi om saam met dié gemeente te kom fees vier. Oud-lidmate kan vir Bertus Celliers kontak by 082 784 9735, of vir Rika by 051 881 0322 (k/u Ma-Wo- en Vrydagoggende). *As iemand iewers foto's van die NG Rietfontein beskikbaar het, laat weet hulle ook asseblief.*

## 3. ANDER GEBEURE:

**MESSIAS** – 'n Oratorium in drie dele met teks uit die Ou- en Nuwe Testament en musiek deur GF Handel, word op **21 en 22 April 2017** in die ODEION aangebied. Dit is 'n projek van die Odeion Skool vir Musiek en Alumni Voices om Reformasie 500 te vier:

Die werk is toegespits op Jesus die Messias as Christus en bestaan uit drie dele:
Deel 1 – die voorspelling van die Messias se geboorte en die aankondiging aan die herders;
Deel 2 – die kruisiging en oorwinning oor die dood met die triomfantelike "Halleluja koor";
Deel 3 – die opstanding en Christus se hemelse verheerliking.

Hierdie projek kan ongelukkig nie plaasvind sonder die nodige ondersteuning nie en belangstellendes/gemeentes kan dit doen deur die musikante te finansier. Vind meer inligting hieroor in 'n **brief**, met 'n **volledige uiteensetting van die produksie** en 'n opsomming van die uitgawes vir so 'n produksie.

**'N GELEENTHEID VIR ALLE MANNE:**

## 4. KONFERENSIE/WERKSWINKEL/SIMPOSIUM:

***BIOLOGOS CHRIST & CREATION* KONFERENSIE:** Deelname aan hierdie geleentheid, vind per *livestreaming* plaas vanaf **29 tot 31 Maart 2017**. Kontak vir Lyzette Hoffman by **hoffmanl@ufs.ac.za** indien julle meer inligting oor moontlike deelname in groepverband en via *livestreaming*, verlang - VBO-punte kan verdien word. *Livestreaming* en videos sal van die algemene lesings van die konferensie beskikbaar wees. Dit sal aangevul word deur plaaslike groepbesprekings by die *Naval Hill Planetarium*. Die konferensie self vind in Houston, Texas plaas. Mense kan individueel vir deelname per *livestreaming* registreer, maar die groepdeelname is baie goedkoper. Vir meer inligting oor die konferensie en die Biologos-organisasie, kyk gerus by **http://biologos.org/2017-biologos-conference/**

**VBO WERKSWINKEL – ONTWIKKEL ENTREPRENEURSKAP EN FINANSIëLE INTELLIGENSIE:** Hierdie werkswinkel word op **24 en 25 April 2017** aangebied. Die agtergrond vir hierdie konferensie is die volgende:

Teologiese fakulteite regoor die wêreld begin toenemend predikante in entrepreneurskap oplei. Dit het onder andere te doen met die vaardigheid om geleenthede raak te sien, gemeentelik en persoonlik; die geleenthede volhoubaar te ontwikkel; en die regte ingesteldheid ten opsigte van gemeentelike en persoonlike finansies.

Die aanbieder is dr Gerhard Botha en die werkswinkel vind by die Fakulteit Teologie, kamer 120, UV in Bloemfontein plaas. Daar is geen koste aan verbonde nie, kursusgangers is self verantwoordelik vir hul eie middagete – 20 VBO-punte word verdien. **Registreer asseblief vooraf soos volg: SMS D65632 jou naam en e-posadres, na 31029** – eggenotes en gemeenteleiers is ook baie welkom, klik **hier** vir al die inligting.

**SIMPOSIUM OOR NAVORSING IN GELOOFSONTWIKKELING EN JEUGBEDIENING – UITNODIGING:** Prof Malan Nel stuur die volgende inligting aan: *As you may know well, the International Association for the Study of Youth Ministry meets every second year. It has also become custom that we in South Africa have a Southern African meeting concerning youth ministry in the same year as the International meeting. Such a meeting is being planned for this year again* ***from 12 to 13 September 2017 at the University of Pretoria***. Die inligting is in Engels aangesien die uitnodiging ook tot ander Afrika-lande gerig word. Klik **hier** vir al die besonderhede **– indien jy sou belangstel om dit by te woon, voltooi asseblief die inligting by punt 7 op die inligtingsdokument en stuur dit terug aan prof Nel.**